Ontmoeting 6

Joël

God praat ook deur my

Die doel van die ontmoeting is om kinders te laat besef dat die Here ook deur hulle met ander mense en selfs Sy kerk praat.

Teks: Hand 2:14-18, Joël 2:28-29

Hulpmiddels:

- Afdrukke van die woorde: "Wys die pad" en "Bly stil"
- Dobbelsteentjies
- Maak 'n perkamentrol met Hand 2:17-18 daarop geskryf, gooi poeier op en rol toe sodat dit oud lyk.
- Papierborde en rooi materiaal of papier stroke
- 'n Kopie van die teksgedeelte in Joël en Handelinge op geel papier
- Toiletrolle, gom, knope

WELKOM

Speel die volgende speletjie *(kan vir grootgroepe ook gebruik word):* Deel die groep in 2 spanne en kry vir elke span 2 vrywilligers. Een vrywilliger word geblinddoek en moet deur 'n hindernisbaan beweeg. Die ander vrywilliger gaan 'n dobbelsteen gooi. Verduidelik aan die groep dat dit hul taak is om hul 'blinde' spanmaat deur die hindernisbaan te kry deur vir hom/haar die regte rigting te verduidelik. Hulle kan net dit doen wanneer hul span se verteenwoordiger 'n 6 gegooi het. Hulle kan dan aanhou om rigting te gee totdat die ander span se verteenwoordiger 'n 6 gooi, waarna hulle weer moet stilbly. Die bordjies "Wys die pad" en "Bly stil" sal voor die span opgehou word om hulle te wys wat om te doen. Maak 'n hindernisbaan vir elke vrywilliger wat ongeveer ewe lank/moeilik is.

WYDING

Temalied: "God hou van kindertjies"

Stilword-ritueel: Laat die kinders op hul magies lê met hul ogies toe en koppe op hul arms en hulself indink as skapies. Laat hulle 'n paar keer diep asemhaal en luister na die woorde van 'n liedjie wat Dawid geskryf het. Lees nou Psalm 23 vir hulle rustig voor.

WOORD

Sing die liedjie My B-Y-B-E-L met die volgende woorde:

"Ons kinders van die Heer,

vertel ook van Sy Leer.

Ons kan dit glo, want Joël sê so!

Ons kinders van die Heer."

Sing dit 'n paar maal en vervang elke keer 'n woord met handeklap totdat die kinders die hele liedjie kan klap.

Vra nou die kinders of hulle weet wie die Joël is waarvan hulle nou net gesing het? Joël was 'n jong seun toe God hom gebruik het as 'n boodskapper om vir die mense te vertel wat eendag gaan gebeur. Ons noem sulke mense profete.

Op 'n baie belangrike dag, die geboortedag van die kerk, het die woorde van Joël vir Petrus, een van Jesus se dissipels, gehelp om te verduidelik wat besig was om te gebeur. Dit was die dag toe die Heilige Gees op die dissipels uitgestort is. Jesus het mos belowe dat die dissipels nie alleen gaan wees nie en dat Hy Iemand gaan stuur om altyd by hulle te wees. Toe die Heilige Gees oor die dissipels kom met 'n geweldige stormwind en vuurtonge wat uit die hemel op hul neerkom, het hulle in verskillende tale begin praat. Kan jy dink watse lawaai dit was! Kom ons almal begin gou babbel in ons eie taal totdat die "Bly stil"- bordjie opgehou word.

Dit het so geraas dat die dorp se mense gedink het die dissipels is dronk! Petrus sê toe vir hulle dit is nie waar nie en begin verduidelik dat Joël al lank terug die boodskap van God gekry het oor alles wat op hierdie dag gebeur. Lees nou Hand 2:14-16. Haal die perkamentrol uit, skud die poeier af (om die illusie van oudheid te skep) en lees vers 17 en 18 daaruit vir die groep voor.

Neem nou jou Bybel en blaai stadig terug sodat die

kinders kan sien hoe lank terug in die Bybel Joël hierdie boodskap van God gekry het. Blaai Bybelboek vir Bybelboek terug. Noem dat daar 400 jaar verloop het tussen Maleagi en Matteus. (Handelinge, Johannes, Lukas, Markus, Matteus, Maleagi, Sagaria, Haggai, Sefanja, Habakuk, Nahum, Miga, Jona, Obadja, Amos, Joël). Lees nou uit Joël 2 vers 28 -29.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of jy ook maklik oor Jesus praat.
2. Ek wonder of jy al gevoel het dat die Here met jou praat.
3. Ek wonder hoe 'n mens vir grootmense 'n boodskap van die Here kan gee.
4. Ek wonder of die Here vandag nog deur kinders praat.

WERSKAF

- **Groot groep:** Maak afskrifte van die teksbladsy (verkieslik op geel papier) en laat die kinders dit skuins rol sodat dit die illusie van 'n beuel skep.
- **Vir 'n kleiner groep:** Neem 'n toiletrol en plak die keëlvorms rondom die toiletrol vas soos geïllustreer is. Plak die Joël 2-teks aan die een kant van die keël en die Handelinge 2-teks aan die ander kant. Versier met knope.
- Gee vir elkeen 'n papierbord en laat hulle hul gesigte daarop teken. Neem 'n lemmetjie (of "craft"-mes) en sny 'n gaatjie in die mond van elke papierbord en trek 'n strokie rooi papier of materiaal daardeur as 'n tong.

Sluit af met die volgende gebed en met die seënbede soos by die ander ontmoetings:

"Here help my onthou dat U ook deur my wil praat. Amen."

BLY STIL

WYS DIE PAD



Handeling 2:17-18

"Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree."

HANDELINGE	**JOHANNES**		**LUKAS**
MARKUS	**MATTEUS**		**MALEAGI**
SAGARIA	**HAGGAI**		**SEFANJA**
HABAKUK	**NAHUM**		**MIGA**
JONA	**OBADJA**	**AMOS**	**JOËL**



Joël 2:28-29

"Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie."